

tippet 100

Birkenhau is een van die berugte Nazi-doodskampe naby Auschwitz in Pole. Dis nie lekker om daar te wees nie, maar dis goed.

Jy stap 'n entjie vanaf die parkeerplek na Birhenhau. Niemand praat eintlik nie. Jou eie gedagtes maak jou stil. En dan sien ek dit: rondom hierdie verskriklike plek is daar koring geplant. Die koring staan welig in die aar.

Ek neem 'n foto van die koringland met die doodsgeboue in die agtergrond. Op 'n manier vertel dit vir my iets van die lewe wat die slegste wat daar in mense kan wees, sal oorwin.

Ek wil dit onthou...

Francois Retief

30 Julie 2018

